SAPEX
Your fruit is our business

WEEK 14

02 April 2026

# TAFELDRUIWE BEMARKINGSVERSLAG

**Marktoestande EU en VK**

Soos ons die spesiale Paastyd nader, lyk dit asof ons 'n mate van optimisme ervaar vanaf ons Europese ontvangers na 'n moeilike tydperk in die Europese mark. Kliënte ervaar ook verligting vanaf die Europese wintertemperature en met lente in die lug, hoop ons vir 'n positiewe verandering in marksentiment.

Hierdie week word steeds gedryf deur die laaste stel Promosies.

Die tema is "Paasfees Promosies" en dit is veral gefokus op rooi- en swart pitlose druiwe. Prys-indikasies, einde Week 13 verkope:

- Wit Pitloos Punnets – DIP 160 - 165
- Wit Pitloos Loose – DIP 150 - 155
- Rooi Pitloos Punnets – DIP 120 -125
- Rooi Pitloos Loose – DIP 130 - 135

Verkooptempo's behoort organies toe te neem in die volgende paar weke weens ‘n tekort in die mark, veral op wit pitlose druiwe. Dit kom weens die feit dat beide Indië en Chile hulself nog nie, of glad nie, in die Europese mark kon vestig nie.

Indië is aansienlik af op hul voorseisoen volume voorspelling weens reën tydens blomtyd. Chile bevoordeel steeds die Amerikaanse mark, terwyl hulle ook ontydige reën ervaar het wat waarskynlik die laaste deel van hul seisoen nadelig sal beïnvloed.

Terwyl ons by die onderwerp van reën is, ons ervaar in die meer onlangse kwaliteitsverslae dat die algemene toestand van die vrugte benadeel is deur die beperkte, maar impakvolle, reën wat ons oor die naweek van week 5 regoor die Wes-Kaap ervaar het. Ons is redelik agter met die fisiese uitstuur van die verslae weens die groot hoeveelheid tyd wat aan logistiek spandeer moes word na die uitgreek van die oorlog in die Midde-Ooste. Die impak van die reën is veral sigbaar op die rooi en swart pitloos wat laat in die seisoen gepak is. Daar is ook baie swart, en veral rooi druiwe, vanaf week 3 tot laat in die seisoen verskeep. Die groot volumes, gepaardgaande met twyfelagtige kwaliteit, het ‘n wesenlike impak op die algemene pryse gehad. Dit verklaar die groot verskil tussen rooi/swart en wit pitloos se pryse hierbo vir week 13 verkope.

Ons volg voortdurend alle aankomste en gepaardgaande kostes op om maksimum verdienste terug na die plaas te verseker. Francois was ook onlangs

weer in die mark om na die aankomstes te kyk en te verseker die kwaliteitsprobleme word reg hanteer.

In ons verslag van week 8 het ons die onderstaan ingesit as ons verwagting vir daardie tyd se verkope. Rofweg week twee tot vier se pak. Dit is nou duidelik dat almal optimisties was en die realiteit is dat pryse laer was weens die groot hoeveelheid druiwe wat op een slag aangekom het, veral op rooi en swart:

*DIP Pryse van Week 8 lyk as volg:*

***Wit Pitlose Punnets: ZAR 130 - 135***
***Rooi Pitlose Punnets: ZAR 145 - 150***
***Wit/Rooi Pitloos Losverpakking: ZAR 140 – 145 vir spesiale verpakkings***

**Marktoestande Midde-Ooste**

Daar was 'n baie groot aanvraag na druiwe uit die Midde-Ooste net voor die oorlog uitgebreek het, veral na die laat Redglobe. Ons het egter besluit om nie die risiko te vat om enige druiwe te verskeep na die Midde-Ooste nie en dit eerder na ander markte te allokeer.

**Afrika/Eilande:**

Die Afrika/Eilande markte bly belangrik vir ons aan die stert-kant van die seisoen veral met die laat Crimson uit die Hex Vallei uit. Bestellings uit hierdie markte het stabiel gebly en Sapex is steeds besig om van die laat, goed gekleurde, Crimson en Scarlotta na hierdie markte uit te voer. Die laaste verskepings behoort in die volgende week of twee klaar te maak.

Die Afrika mark het tot einde week 13, ongeveer 28% meer druiwe uit SA ontvang. Die Eilande het egter 15% minder druiwe ontvang teenoor dieselfde tyd laasjaar. Bestellings uit hierdie area was besonder stadig, veral aan die begin en middel van die seisoen.

**Marktoestande Ooste (SEA)**

Die verkope in die Ooste (SEA) vorder goed en voorraad het nooit werklik opgebou nie. Dit mag ook te wyte wees aan die gebrek aan Indiese druiwe in die mark as gevolg van hul verlaagde oes.

Die laaste skip vir die seisoen na SEA, die Mol Explorer, arriveer hierdie week in Maleisië met die laaste Adora.

Rooi en swart druiwe het in die algemeen goed gedoen en min klagtes opgelewer. Ons handhaaf ook ons prys soos beding, maar met die laaste aankomste van veral AutumnCrisp ontvang ons baie klagtes.

Daar is veral op merke en verbruining by AutumnCrisp die persepsie in die mark dat sodanige korrels verder verbruin en verswart in normale temperature op die rakke.

Ons moet tans bontstaan om die AutumnCrisp se kwaliteit te verdedig. Suid-Afrika gaan hard moet werk om die negatiewe persepsie van verbruing van korrels by AutumnCrisp te verander in die Ooste.

Ons het ook klagtes ontvang van die Adora wat na die reën gepak is met enkel korrel bederf – ons volg die klagtes daagliks op.

Ons grootste doel is nou om ons debiteure in te samel en om kwaliteitsklagtes se impak tot die minimum te beperk sodat ons produsentebetalings op datum kan hou.

Werner was twee weke gelede in die mark en Samuel doen weer ‘n besoek aan die mark net na Paasnaweek om te verseker ons handel elke transaksie ordentlik af.
Ons dink dit was ‘n positiewe besluit om soos elke jaar ons markaandeel in die Ooste (SEA) te behou en uit te bou as mens die prestasie van die Europese mark vanjaar in ag neem.

Groete.

Sapex Span.